Huidige tendense in die Christelike boekebedryf

Lambert Jacobs

Vroeër vanjaar het Lambert Jacobs, publikasiehoof van Lux Verbi.BM, twee groot konvensies oor die Christelike boekebedryf bygewoon. Hier gee hy sy indrukke oor die huidige stand van sake in Suid-Afrika.

Die afgelope tyd het twee belangrike geleenthede in die Christelike mediabedryf plaasgevind. Die jaarlikse konvensie van die **Christian Booksellers Association (CBA)** is vanaf 13-18 Julie in Anaheim, Kalifornië gehou. Sy plaaslike kleinboet, die **Christian Booksellers of Southern Africa (CBSA)** het vanaf 13-15 Augustus in Alberton gevolg. Ek was bevoorreg om albei geleenthede saam met Stephan Spies (besturende direkteur) en Eben Pienaar (reklamebestuurder) van Lux Verbi. BM by te woon.

Die CBA is 'n internasionale sambreelorganisasie vir almal wat wêreldwyd met die verspreiding van Christelike media te doen het. Dit sluit Bybels, boeke, tydskrifte, video's, musiek en geskenkitems van enige denkbare soort in. Uitgewers, skrywers, kunstenaars, verspreiders, groot- en kleinhandelaars skuur hier met mekaar skouers. 'n Mens se eerste indruk van so 'n mediaskou is juis die ongelooflike omvang daarvan. Daar was vanjaar byna 14 000 mense wat die konvensie besoek het. Internasionale deelnemers (van buite die VSA) was 1 039 verteenwoordigers van vyftig lande.

Dit is eintlik onmoontlik om regtig die hele skouvloer binne die vier dae wat handel gedryf word, intensief deur te werk. Daarom het elkeen van die span bepaalde fokusareas en word op vooraf gereëlde afsprake van 'n halfuur of 'n uur elk met uitgewers gewerk. Dit beteken dat jy jou hardloop moet ken en dat 'n mens selfs in die proses kan fiks word.

Wat gaan maak 'n Suid-Afrikaanse uitgewery en kleinhandelgroep soos ons by só 'n geleentheid? Tydens ons afsprake met die leidinggewende internasionale uitgewers van die VSA en Europa lê hulle aan ons hulle nuutste produkte voor en dui aan wat die afgelope paar jaar topverkopers was. Daarby kry ons ook die geleentheid om ons maatskappy se visie, die unieke behoeftes van die Suid-Afrikaanse mark en ons topprodukte van die afgelope tyd met hulle te deel. Een interessante feit is byvoorbeeld dat feitlik elke uitgewer aan ons 'n hele rits boeke oor Kersfees en Kersgebruike sal voorhou. Dan moet ons verduidelik dat Kersfees nie by ons 'n tyd is waarin gesinne knus voor die kaggel met 'n warm drankie en 'n boek opkrul nie, maar op die strand is, buite, met koue vleis en slaaie … en bier! Dit is nie eintlik leestyd nie.

Dit maak die uitdaging om oorsee te soek na produkte en temas wat 'n positiewe impak sal hê op ons mark binne ons omstandighede, natuurlik net groter. En tog is ons ook nie regtig wêrelde van mekaar verwyder nie. Die elektroniese media het die afgelope drie dekades seker gemaak dat die wêreld tot binne-in ons woonkamers kom. Die tyd wat dit neem vir tendense om van Amerika en Europa na ons toe oor te waai, is ook glad nie meer so lank nie. Ons sien byvoorbeeld

flieks en televisiereekse oor die algemeen voor die Duitsers en Franse, omdat die klankbaan eers in Duits en Frans oorgeklank moet word voordat die Engelse weergawe daar vrygestel mag word. Modeneigings neem dus nie meer 'n volle seisoen om hulle draai in Suid-Afrika te kom maak nie.

Dus moet die Suid-Afrikaanse uitgewers skerp wees om die tendense op te tel wat op die CBA sigbaar is. So was die tema van engele 'n paar jaar gelede hoog op die agenda in die VSA, en 'n stroom publikasies oor die verskillende aspekte van engele het in Suid-Afrika gevolg. Nou hoor 'n mens nie eintlik meer van engele nie.

Gebed was nog altyd 'n tema wat sterk gefigureer het in Christelike boeke, net om tot nuwe hoogtes gelanseer te word deur die *Jabes*-fenomeen. Verlede jaar was alles op die skou net Jabes. Ook hier plaaslik was die verskillende variasies van Jabes-publikasies lank boaan die topverkoperlyste. Vanjaar was Jabes grootliks afgeloop, alhoewel die boek vir die tweede agtereenvolgende jaar as die boekhandelaars se keuse vir Boek van die Jaar aangewys is. Vorentoe sal daar waarskynlik meer gefokus word op praktiese riglyne vir gebed en boeke oor die Ons Vader-gebed.

Ouerskap en gesinstemas raak nooit uitgeput nie, solank daar jaarliks nuwe kinders gebore word, skool toe gaan en hoërskool toe gaan. Skielik het ouers egter agtergekom dat hulle seuns ook het. 'n Beduidende boek op vanjaar se skou was *Bringing up boys* van James Dobson.

Homoseksualiteit is ook nie net by ons 'n netelige kwessie nie. 'n Uitgewer soos *Inter-Varsity Press* het die afgelope paar jaar minstens vyf titels uitgebring oor hoe ouers die vroeë tekens van homoseksuele geneigdheid by hulle kinders kan optel en probeer regstuur, en verhale van mense wat tot ander insigte gekom het oor hulle seksualiteit.

Die debat oor die historiese Jesus woed ook nie net in Suid-Afrika nie. Byna elke uitgewer wat sy sout werd is, dra titels soos *The case for Christ* van Lee Strobel. Die uniekheid van Jesus Christus as Messias, die eienskappe wat Hom juis in staat gestel het om vir ons die verlossing te bewerkstellig, kry deurgaans aandag.

Daarmee saam loop die gesprek oor die gesag van die Bybel as die Woord van God. Die afgelope tyd het die debat oor die Bybel hoog geloop by die meeste uitgewers, en in hierdie tyd kom twee Suid-Afrikaanse uitgewers feitlik gelyk uit met boeke oor die gesag en interpretasie van die Bybel.

'n *Trendsetter* wat niemand natuurlik kon sien kom nie, was die dramatiese gebeure van 11 September 2001. Die afgelope jaar oorheers boeke oor lyding en God se rol daarin, en die sogenaamde teodisee-vraag na die wil van God, die publikasielyste. Ook in Suid-Afrika, al is ons nie so direk deur die gebeure in die VSA geraak nie, het boeke soos Adrio König se *God, waarom lyk die wêreld só?* groot belangstelling gaande gemaak.

Só 'n kykie na die werk van die Christelike uitgewers van die wêreld is 'n ervaring wat elke bibliofiel die een of ander tyd in sy of haar lewe moet meemaak. 'n Mens kom terug met soveel idees en verryking, en dan boonop die wete: Ons het briljante skrywers in Suid-Afrika en al die kennis en vaardighede om by die bestes in die wêreld kers vas te hou.

Dit is ook lekker om te weet dat ons nie alleen sit en swoeg met ons boeke hier aan die suidpunt van Afrika nie. Wêreldwyd is die Christelike boek, video en CD besig om hulle plek in te neem tussen die toppublikasiesprojekte op die rakke.